TE
FD

SPP
SURPLUS PEOPLE PROJECT

2nd Floor, Melofin Bld,
Old Klipfontein Rd, Athlone
PO Box 468, Athlone 7760, SA,
TEL: (021) 696 8026
FAX: (021) 696 9324
E-MAIL: Worknet, SPP

COMMISSION ON REGIONS
REF: 1/11/ 20 /202

24 September 1993

Dr Renosi Mokate
Commission on the Demarcation/Delimitation of regions
Fax No. (011) 3972211
P.O.Box 307
Isando
1600

**SUBMISSION TO THE COMMISSION ON THE DEMARCATION/DELIMITATION OF REGIONS**

Dear secretary

Please find attached our submission concerning the proposed boundaries of the Western and Northen Cape. This submission is in Afrikaans because we have written in the language of communities who will be making oral submission to the Commission on 25 September 1993 in Vredendal. We are in the process of translating it into English and will send it to you once this is completed. We would appreciate it if the English version, despite arriving after 24 September 1993, will not be seen as being late because the Afrikaans has been sent on time.

As we will be present at the hearing in Vredendal on Saturday 25 September, we may send additional comments arising from this on Monday 27 September 1993. We hope that our submission will receive the necessary attention.

Yours sincerely

Lala Steyn

SPP research co-ordinator

ADVISORY BOARD: Mary Burton, Adèle Wildschut, Alan Dodson, Wallace Mgoqi, Denise Damon
NATIONAL LAND COMMITTEE AFFILIATE

# VOORLEGGING AAN DIE AFBAKENINGSKOMMISSIE

## Die voorgestelde streeksindeling van die Wes-Kaap en Noord-Kaap

24 September 1993

**Voorlegging deur die *Surplus People Project***
Posbus 468
7760 Athlone

boerdery beoefen word. Inwoners van die Landelike Gebiede het ook administratiewe, politieke en sosiale bande met Landelike Gebiede buite Namakwaland. Indien Namakwaland deel bly van die Wes-Kaapstreek, dan sal die meeste van die Landelike Gebiede — met hulle eiesoortige geskiedenis en identiteit, binne dieselfde streek val.

Namakwalanders het 'n sterk sin van eie identiteit as deel van Namakwaland. 'n Namakwalandse substreek van die Wes-Kaap sal dus hul eie identiteit binne die Wes-Kaapstreek kan uitdruk.

**Agtergrond oor die Weskus**

Die Weskus sluit die magistraatdistrikte van Malmesbury, Vredenburg, Piketberg, Hopefield, Clanwilliam, Vredendal en Vanrhynsdorp in. Al hierdie magistraatsdistrikte, met die uitsluitsel van die dorp Atlantis, val binne die Weskus SDR grense met hul hoofkantoor by Moorreesburg. Hierdie gebiede vorm dus 'n substreek en fungeer as 'n eenheid met betrekking tot administrasie, ekonomiese sowel as sosiale faktore.

Mense van die Weskus beweeg tussen die dorpe aan die kus en die dorpe aan die meer binnelandse gedeelte ten weste van die bergreeks. Hulle bewegings volg die seisoenale karakter van die landbou en die visindustrieë. Gevolglik het die inwoners van die Weskus 'n baie breër identiteit as net 'n eie-dorp identiteit. 'n Bekende slagspreuk in die Weskus is, "Ons is Weskus-klonge". Om die gebied in die twee onder te verdeel, is ondenkbaar.

Bo en behalwe die bewegings binne die Weskus, beweeg inwoners ook, om verskeie redes — familiebande, werksgeleenthede, opvoeding, ens. — in 'n noord-suid patroon mbt tot die Kaap. Om die Weskus en Namakwaland te skei van hul nodale punt, Kaapstad, druis teen die kommissie se kriteria in.

**Inligting oor SPP**

Vir u inligting, SPP is 'n onafhanklike nie-regerings organisasie wat toegewyd is daaraan om die grondlose en veronregte gemeenskappe te ondersteun en onderskraag in hul stryd vir grondregte, grondeise, behuising en demokratiese vorms van plaaslike en streeksregering. Ons is geaffilieer aan die National Land Committee. Ons sal nou die kriteria in meer besonderhede bespreek.

## 1.Geskiedkundige grense

Argeologiese opgrawings toon aan dat Namakwaland sedert ten minste die afgelope 3 000 jaar bewoon is deur jagter-versamelaars. Teen ongeveer 2 100 jaar gelede het mense met vee die gebied vanuit die Noordweste (Namibië, vandag) binnegedring. Teen die tyd dat die vroeë reisigers in die Kaap gekom het (17e eeu), was die afstammelinge van hierdie mense versprei oor die hele Namakwalandse en Weskus gebiede en het hulle alreeds handel gedryf met reisigers en inheemse bevolkings aan die Kaap. Die Nederlanders sowel as die Engelse verwys na Nama-sprekendes wie aan hulle vertel het dat daar minerale in Namakwaland is — daarom dat Simon van der Stel in die 18e eeu Namakwaland besoek het.

Dit is dus duidelik dat daar van die vroegste tye verkeer tussen Namakwaland en die Wes-Kaap was en dat mense vanaf die vroegste tye in 'n noord-suid rigting die meeste van hul handel bedryf het. Die feit dat mense nie in 'n oostelike rigting beweeg het nie, het waarskynlik te doen daarmee dat die droë Boesmanland gebied 'n natuurlike versperring geplaas het op mense se bewegings na die ooste. Na die anneksasie van die grond, het Namakwaland en Weskus altyd onder die Kaap geval en is die gebied dus vanaf die vroegste tye beskou as deel van die Kaap. Die dorpe wat ontwikkel is, het in 'n strook langs die westelike gedeeltes opgespring – en vandag kry ons ongeveer elke 60-70 kilometers 'n dorp met 'n lang verbintenis met die Kaap.

Wanneer mens met mense van die huidige Weskusstreek en Namakwaland praat, is dit duidelik dat die grense tussen die Weskus en Namakwaland vir hulle vaag is. Die grens tussen die Boland en die Karoo en Wes-Kaap is net so vaag, maar die grens tussen Gordonia en Namakwaland is vir mense baie duidelik – hierdie onderskeid word bekragtig deur die natuurlike karakter van die gebied. Aan die westelike gebiede is daar die Sandveld, Sukkulent en Nama karoo plantegroei met baie van dieselfde plantspesies wat die drie plantegroei gebiede deel – selfs ook met die fynbos streek van die Kaap. Al die gebiede kry winterreënval. Aan die ooste van die gebied is daar 'n tipe oorgangsgebied – die droë en onherbergsame somerreënval Boesmanland gebied. Die Boesmanland word weer op sy beurt aan die ooste begrens deur die kenmerkende somerreënval gebied van die grasryke Kalahari. Ten weste van die Boesmanland is die plantegroei dus heeltemal anders en was daar 'n verskil in die tradisionele en huidige boerdery metodes sowel as veesoorte.

## 2.Administratiewe oorweging

Wat die administratiewe oorweging betref, kan hierdie oorweging in noue samehang gesien word met die kriteria wat handel oor: om bestaande strukture te rasionaliseer, om onkostes sover as moontlik te beperk, om moontlike ongerief te vermy en so min as moontlik ongerief te veroorsaak.

Administratief gesien is die Namakwalandse gebied al jare deel van die Wes-Kaap en was daar bykans geen skakeling met die Noord-Kaap nie. As mens net die administratiewe dienste van 'n paar departemente/afdelings van nader beskou, illustreer dit duidelik hierdie punt:

1. Opvoeding. Daar is skole in Namakwaland en Weskus, maar vir tersiêre opleiding gaan die meerderheid van die inwoners na die Kaap, waar hulle bedien word deur die drie universiteite sowel as verskeie tegniese, landbou en ander kolleges wat meestal in die Wes-Kaap geleë is. Baie mense kan slegs bekostig om na die kolleges te gaan omdat hul familie woonagtig is in die Kaap en hul verblyf dus goedkoop is omdat die families hulle ondersteun.
2. Gesondheid. Hospitaaldienste vir meer ernstige siektes en/of spesiale siektes word ook vanaf die Kaap gelewer – meestal Tygerberg Hospitaal. Familie wie in die Kaap woon tree ondersteunend op ten opsigte van verblyfplek vir familie van diegene wie siek is. Indien hierdie dienste vanaf Kimberley gelewer moet word, sal dit vir

familielede van siekes bykans onmoontlik wees om hul familie by te staan aangesien hulle nie die onkostes van verblyf of vervoer sal kan bekostig nie. Dit is, verder, moontlik dat siekes onwillig sal wees om na Kimberley toe te gaan vir behandeling, juis omdat hul geen verbintenis het met Kimberley nie.

3. Landbouvoorligtingsdienste kom ook vanuit die Kaap en wel vanaf Stellenbosch (Elsenburg) en is gemik daarop om die winterreënvalstreek te bedien.
4. Infrastruktuur. Paaie, telefone sowel as poskantore word vanuit die Wes-Kaap bestuur. Daar is verder 'n reeks ander staatsdepartemente wat, vanuit die Kaap, die Weskus en Namakwalandse platteland bedien. Maar nie net dit nie – die gevestigde vervoer roetes is van Springbok na die Kaap, en nie na Upington en Kimberley nie. Twee busse loop daagliks die roete tussen Springbok en Kaapstad, terwyl 'n aantal taxi's die roete daagliks gebruik. Geen vervoer gaan op 'n gereelde basis na Kimberley of Upington nie – inteendeel wanneer mense vir 'n spesifieke rede in daardie rigting gaan, moet taxi's spesiaal en ten duurste gehuur word om die roete te doen. Die vervoermark dui dus baie skerp die gebrek aan vereenselwiging met die Kalahari en meer Noordwestelike gebiede aan.
5. Seevisserye. Die kusbewaring en seevisserye bestuur van die Weskus behoort nie opgesny te word nie. Huidiglik word dit vanuit die Kaap bestuur. Dit is ondenkbaar dat die vissery bedryf vanuit Kimberley bestuur sal word.

Waar dienste wel gelewer word deur sentrale administratiewe nodes wat in Kimberley geleë is, is dit nie seker dat die nodes daar gaan bly nie. As voorbeeld: Op die oomblik is die EVKOM dienste vanaf Kimberley aan Namakwaland, maar huidiglik word die dienslewering struktuur hersien. Dit is waarskynlik dat die node waarvandaan EVKOM die streek sal bedien in elke geval sal verander. Inteendeel die vereniging van munisipaliteite (AMEU) stel huidiglik voor dat die elektrisiteit deur 'n nasionale liggaam bestuur word, en dat daar ses sentrale punte sal wees waarvandaan dienslewering geko-ordineer sal word – die voorgestelde punt waarvandaan Namakwaland en die Weskus bedien sal word, is Kaapland.

Kimberley het verder waarskynlik die administratiewe kapasiteit om in 'n hoofstad verander te word, maar dit sal geweldig duur wees en sal sekerlik nie 'n beter diens aan Namakwaland en die Weskus kan bied as wat Kaapstad kan doen nie. Mense het 'n gevestigde netwerk van kontakte in Kaapstad – wat jare geneem het om op te bou. Dit sal ongerieflik en onregverdig wees om hulle te skei van die kontakte. Die skeiding kan ook beteken dat mense baie onseker sal word en dat die stabiliteit van die gebied bedreig kan word deur so 'n stap – veral as mense desperaat raak. Dis 'n bekende geheim dat die Noord-Kaap streek, soos nou afgebaken, 'n geleentheid skep aan konserwatiewes vir selfuitdrukking. Die kommissie behoort in ag te neem dat baie mense van Namakwaland en veral die inwoners van Namakwalandse Landelike Gebiede (waar die meerderheid van die bevolking woon) voel dat hulle hulself kan organiseer binne 'n meer verdraagsame streek as wat 'n Noord-Kaap streek sal wees.

## 3.Bestaande strukture te rasionaliseer

Bestaande strukture in Namakwaland kan beter gerasionaliseer word indien Namakwaland deel van die Kaap bly. Dit is duidelik dat verskillende strukture geskep sal moet word om die groot en ongerieflike Noord-Kaapstreek te kan bedien.

gebied moet lewer.

3. Daar is byna geen skakeling huidiglik tussen die Weskus, Namakwaland en die Noordweste en Benede-Oranje nie.
4. Op kerklike, ekonomiese en landboukundige gebied skakel die gebied by die Wes-Kaap in.
5. Groot afstande vanaf Kimberley/Upington maak die stad as hoofstad onprakties. Beide Namakwaland en Weskus-streeksdiensterade se voorsitters, het, volgens berigte in die koerant, gesê dat die indeling in die Noord-Kaap streek onprakties is.
6. Die Weskus word deur die voorstel in twee gedeel.

## 7.Demografiese oorwegings

Die Noord-Kaap is oorwegend plattelands, terwyl die Wes-Kaap oorwegend stedelik is. Dit sal Kaapstad meer gebalanseerd maak in terme van plattelands/stedelike karakter indien die gebiede wat tradisioneel aan die Kaap verbind is, soos Namakwaland, die Karoo en die Boland, steeds bymekaar kan aansluit. 'n Natuurlike skeidslyn is die somerreënval Boesmanland gebied – die argument behoort eintlik te wees of Upington beter inskakel by 'n meer noordelike bedeling en of Upington ook by die Kaap ingesluit behoort te word.

Wat die Weskus betref, is daar 'n duidelike verskil tussen die Noordwestelike gedeelte met die dorpe omtrent eweredig sowat 60 km van mekaar versprei en die meer noordwestelike en Kalahari gebiede met die dorpe van die Boesmanland en Kalahari baie wyd verspreid. Inteendeel 'n demografiese, fisiese landskap en administratiewe karakter toon nie 'n duidelike skeiding tussen die Weskus, Namakwaland en die Kaap nie.

## 8.Ekonomiese lewensvatbaarheid

Per kapita inkomste van die Noord-Kaap streek soos wat dit nou ingedeel is beteken dat dit een van die armste streke sal wees – Die PWV gebied per kapita inkomste is R 9 424 terwyl die Noord-Kaap s'n slegs R 1 461 is. Wes- Kaap se inkomste is ongeveer R 4 000.00. Dit is waarskynlik dat daar nie genoegsame staatsfondse of genoegsame sentrale gesag sal wees om regstellend op te tree in terme van die verskil tussen baie arm en baie ryk streke nie. Die indeling, soos huidiglik voorgestel, verseker dus dat die Noord-Kaap streek armoedig sal bly.

Die sogenaamde ontwikkelingspotensiaal van die streek word, verder, gemeet aan nie-volhoubare aktiwiteite en geleenthede, soos besproeiing en mynbou. Tradisioneel is mynbou 'n ekonomiese aktiwiteit wat langtermyn skade in 'n gebied aanrig, en slegs korttermyn voordele, soos werksgeleenthede bring. Aangesien mynbou buitelandse valuta verdien, word die grootste inkomste van die bedryf in die nasionale staatskas gestort en nie in die streekskaste nie. Verder word baie van die besighede wat in assosiasie met mynbou bedryf word, geregistreer in ander streke, sodat selfs minder van die potensiële inkomste in die streek self ingaan.

Besproeiing is moeilik om te evalueer aangesien die magdom van subsidies wat vir boere in die omgewing aan die gang gesit en gehou het oor die afgelope jare, 'n realistiese analise bemoeilik. Tog is daar aanduidings dat die besproeiingsboere aan die Oranje geweldige probleme het om te kan voortbestaan. In die lig daarvan dat die beskikbare water uit die Oranjerivier aansienlik sal verminder wanneer die Lesotho-Hooglandskema in werking tree (die vermoede is dat die rivier by sy mond sal opdroog teen implementering van die tweede fase), kan daar nie te veel gereken word op besproeiing nie.

Die lewensvatbaarheid van hierdie Noord-Kaap Streek word, by implikasie, selfs deur die voorstanders van die staat bevraagteken. 'n Inligtingstuk wat voorberei is vir 'n vergadering in Vredendal (gehou deur die Sakekamer, te Vredendal op 16 September 1993) eis dat sekere magistraatsdistrikte/dorpe wat huidiglik uitgelaat is by die streek, by die streek ingevoeg word om die streek meer ekonomies lewensvatbaar te maak. Een van hierdie dorpe is Saldanha wat onder geen praktiese omstandighede geskei kan word van die Wes-Kaap nie.

## 9.Ontwikkelingspotensiaal

Huidig is daar baie onsekerhede in Namakwaland en die Weskus as gevolg van die veranderende Suid-Afrika – hierdie onsekerheid is ook gekoppel daaraan dat Namakwaland en die Weskus tot onlangs die "agterspeen van die ontwikkeling" gekry het. Die onsekerheid word verder beklemtoon deur die wete dat die diamantmyne binne die volgende tien jaar gaan begin sluit en dat die visindustrie ineen gestort het. Dis sedert onlangs dat die gebied meer aandag kry vanuit die Kaap – om op hierdie stadium die brose 'mag' wat die Namakwalanders en die inwoners van die Weskus opgebou het (ten opsigte van ontwikkelingsaandag) te breek, sal sekerlik vir mense in die gebied 'n groot terugslag wees vir die belangrikste bron van die gebied, naamlik mense.

Die mynbou bedryf, met betrekking tot diamante sowel as koper, is huidiglik baie wankelrig en dit is 'n bekende feit dat die diamantbedryf teen 2005 nie meer vatbaar sal wees nie. Die grootste myngroep, naamlik DBNM, sluit waarskynlik binne die volgende 6-8 jaar. Die skade wat die myne, veral Alexanderbaai Staatsdelwerye (nou bekend as Alexkor) aan die omgewing aangerig het, sal nie reggestel kan word nie as gevolg van 'n gebrek aan finansies sowel as die toepaslike wetgewing – lg., wat dit moontlik maak vir maatskappye om slegs aanspreeklik gehou te word vir skade wat redelik onlangs gedoen is.

Nie net sal die oorgrote meerderheid van Namakwalanders en Weskus-inwoners dus hul werk verloor nie, maar hulle sal ook met 'n beskadigde omgewing sit – wat se potensiaal vernietig is.

Toerisme bleik om huidiglik een van die mees volhoubare ontwikkeling te wees vir Namakwaland en die Weskus. Die toerisme bedryf kan veel beter vanuit Kaapstad ondersteun en bestuur word as vanuit Kimberley aangesien Kaapstad 'n bekende en

belangrike node is vir die toeristebedryf.

## 10.Kulturele en taal realiteite

Die meerderheid van die Namakwalanders en mense in die Weskus vereenselwig hulself met die Kaap liewer as met Kimberley. Diegene wie hulself by Kimberley skaar, is die minderheid konserwatiewe blanke Afrikaners wie 'n geleentheid in hierdie indeling sien dat hulle 'n eie tipe Volkstaat kan skep. Die onderhandelaars sal waarskynlik as deel van 'n kompromis graag die konserwatiewe Afrikaners 'n Heimat wil gee – so 'n stap sal heeltemal in stryd wees met 'n nuwe Suid-Afrika.

Die soortgelyke gevoel van die inwoners van die Landelike Gebiede wie se oorsprong as eenhede daarin opgesluit lê dat hulle as sendingstasies begin het, behoort nie geminag te word nie. In die voorafgaande gedeelte sê ons meer hieroor. In die Namakwaland, Karoo en Weskus gebiede is die tale wat oorwegend gepraat word Afrikaans, Engels en Xhosa, soos in die Wes-Kaap streek.

## Opsomming

Die meerderheid van die inwoners van Namakwaland en die Weskus staan daarop dat hulle by die Wes-Kaap ingesluit behoort te word. Die mees belangrike redes hiervoor is:

- Hulle voel tuis in die Wes-Kaap streek.
- Daar bestaan hegte historiese, ekonomiese, politiese, administratiewe en sosiale bande met die Kaap.
- Bestaande markverwante infrastruktuur, soos taxis en busse beklemtoon hierdie noord-suid verhouding, sowel as 'n gebrek met 'n verhouding met Kimberley.
- Die bron van toerisme in die Kaap sal die Namakwaland en Weskusstreek die beste kan bedien.
- Dit is ondenkbaar dat die hegte Weskus-eenheid in twee verdeel word.
- Die uitsonderlike karakter wat die Landelike Gebiede in gemeen het, naamlik dat hulle almal hul ontstaan het in die sendingstasies, gee so 'n sterk eenvormige karakter dat dit ondenkbaar is dat die gebiede op 'n streeksbasis geskei word.
- Fundamentele veranderinge aan die struktuur van 'n gebied/streek kan die stabiliteit in die gebied skerp nadelig beïnvloed. Dit is geensins sosiaal of ekonomies vatbaar om sulke veranderinge vir politieke gewin aan te wend nie.
- Dit is heeltemal onaanvaarbaar dat sulke drastiese veranderinge voorgestel word sonder dat die betrokke gemeenskappe geraadpleeg word. Mense is die belangrikste bron van ontwikkeling.